**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A551/2003

In die appèl van:

| | |
|---|---|
| **PHILEMON SITHEBE** | Appellant |
| en | |
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | MALHERBE, RP *et*<br>VAN DER MERWE, R |
| **AANGEHOOR OP:** | 5 MAART 2007 |
| **UITSPRAAK:** | MALHERBE, RP |
| **GELEWER OP:** | 8 MAART 2007 |

---

Appellant is ongeveer 43 jaar oud. Hy het as beskuldigde 2 saam met ene Timothy Radebe in die Landdroshof te Harrismith tereggestaan op die volgende 3 aanklagte:

Aanklag 1: Diefstal van 3 beeste ter waarde van R3 600,00 van 'n sekere Mnr. Retief tussen 10 en 14 Februarie 2001.

Aanklag 2: Diefstal van 7 beeste ter waarde van R14 000,00 van dieselfde klaer tussen 28 en 29 Maart 2001.

Aanklag 3: Oortreding van artikel 20(1)(a) van die Wet op Veebrandmerke (Wet Nr. 87 van 1962) deurdat hy op of omtrent 31 Maart 2001 in onwettige besit was van ‘n brandyster.

Die verhoor het ‘n aanvang geneem op 28 Augustus 2001 toe beide beskuldigdes onskuldig gepleit het op aldrie aanklagte. Hulle was op daardie stadium op borgtog en was deur ‘n advokaat verteenwoordig. Na verskeie uitstelle vir ‘n verskeidenheid van redes, is die verhoor uiteindelik op 27 Augustus 2003 afgehandel toe Radebe skuldig bevind is op aanklagte 1 en 2 en appellant op aldrie aanklagte. Radebe is gevonnis tot altesaam 4 jaar gevangenisstraf en appellant soos volg:

Aanklag 1: 2 jaar gevangenisstraf.
Aanklag 2: 3 jaar gevangenisstraf.
Aanklag 3: 3 maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is vir 3 jaar.

Op 2 September 2003 is beide Radebe en appellant deur die Landdros op borgtog vrygelaat “hangende die appèl” – vermoedelik hangende die uitslag van hulle voorgenome appèl.

Die appèloorkonde is reeds op 28 Desember 2003 deur die Griffier ontvang. Dit is egter vir die eerste keer vir verhoor geplaas op 12 September 2005, op welke datum “die saak” *sine die* uitgestel is en

borgtog verleng is tot na afhandeling van die appèl. Op 16 Oktober 2006 word die appèl van die Rol geskrap en word beide Radebe en appellant se borgtog voorlopig verbeurd verklaar en lasbriewe vir hulle inhegtenisneming gemagtig. Op 30 Oktober 2006 word Radebe se borgtog finaal verbeurd verklaar en appellant se lasbrief gekanselleer. Daarna is die appèl op 9 November 2006 op die Rol geplaas vir verhoor op 12 Februarie 2007. Op laasgenoemde datum was die hele sage rondom die appèl nog nie verby nie omdat appellant vir die hoeveelste keer nie gereed was om voort te gaan nie. Die appèl is uitgestel tot 5 Maart 2007 en die partye is op terme geplaas betreffende 'n aansoek om kondonasie en die aflewering van Hoofpunte van Betoog.

Die kern van appellant se aansoek om kondonasie is die bewering dat hy reeds op 1 September 2003 'n volmag aan 'n prokureur van Ladysmith onderteken het om met die appèl voor te gaan en daarna die saak in die hande van verskeie prokureurs gelaat het in die vertroue dat hulle sy belange behoorlik sou behartig. Dit is klaarblyklik nie gedoen nie. Alhoewel ek 'n vermoede het dat appellant vir tyd speel, is dit in almal se belang dat die appèl nou

afgehandel word. Die aangevraagde kondonasie is reeds by die aanhoor van die argumente op appèl verleen.

Die klaer, Mnr. Retief, is ‘n ervare boer wat, onder andere, met beeste op die plaas Glenlennie, in die distrik van Harrismith boer. Hierdie plaas is aangrensend aan die swart woonbuurte Makgolokweng en Tsiame. Die getuienis toon aan dat van die inwoners van hierdie woonbuurte vee aanhou wat op gemeenskaplike weiveld loop. Mnr. Retief getuig dat daar tussen 10 en 14 Februarie 2001 twaalf van sy beeste weggeraak het, waaronder twee jong bulle en ‘n sogenaamde Poena vers. (Die vers was nie werklik sy eiendom nie maar het tussen sy beeste geloop met die toestemming van die Veediefstaleenheid). Albei die bulle was swart met ‘n wit kwas. Een se pens was witterig. Die vers was rooi. Die bulle was, soos sy ander beeste, met sy brandmerk gemerk. Hy het die saak by die Polisie aangemeld. Ongeveer 10 dae later het een van die bulle alleen na sy plaas aangestap gekom uit die rigting van Makgolokweng. Ongeveer 2 tot 3 Maart 2001 het die tweede swart bul op dieselfde wyse uit die rigting van Makgolokweng/Tsiame op sy plaas aangestap gekom.

Op 26 Maart 2001 het hy die rooi Poena vers tussen 4 vreemde beeste gekry in die sogenaamde rioolkamp aangrensend aan sy plaas. Hy het die vers toe tussen sy ander beeste ingejaag.

Wat aanklag 2 betref, getuig Mnr. Retief dat hy 7 van sy beeste vermis het tussen 28 en 29 Maart 2001 en dat hy die saak ook by die Polisie aangemeld het. Hy het 4 van hierdie 7 beeste op Saterdag 31 Maart 2001 teruggevind waar hulle honger en dors in 'n klein kampie aangrensend aan sy plaas gestaan het. Hy beskryf hulle soos volg:

> 'n Swart Poena stoetkoei;
>
> 'n Swart-bruin Branchus stoetkoei wat nog 'n suipende kalfie gehad het en wat na die kalfie gehardloop het toe hy die beeste uitjaag na sy beeste toe;

'n Nguni vers;

> 'n Brahman tipe bruin vers.

Al hierdie beeste het sy en sy seun (wat saam met hom boer) se brandmerke gehad asook plaatjies in een van die ore. Dieselfde rooi Poena vers wat deel uitmaak van die beeste wat op aanklag 1 gesteel is, is by die tweede geleentheid ook gesteel en deur die klaer by 'n huis in Makgolokweng teruggekry. Vroeg die volgende oggend (Sondag) het hy vir Radebe (Beskuldigde 1) teëgekom naby

die hek van Makgolokweng. Radebe was op soek na ‘n rooi Poena vers. Hy het Radebe op sy bakkie gelaai en ‘n end verder het hulle die Poena vers in ‘n kraal by ‘n huis gevind. Radebe het gesê dit is die vers waarna hy soek en die huiseienaar het gesê dat dit sy vers is. Kort daarna het lede van die Veediefstaleenheid van die Polisie op Kestell opgedaag en die saak oorgeneem.

Elias Dladla getuig dat Radebe en appellant op Maandag 19 Februarie 2001 by hom aangekom het met 3 beeste wat na bewering aan appellant behoort het en wat appellant wou verkoop. Dit was 2 swart bulle. Een se pens of onderlyf en sy stert was wit. Die derde bees was ‘n rooi of rooi-bruin vers. Dladla het een van die bulle by appellant gekoop vir R900,00 waarvan hy R200 daar-en-dan betaal het. Appellant het Bewysstuk B uitgeskryf en aan hom oorhandig. Dit is in Sesotho en is soos volg deur die tolk vertaal:

> “Datum 19 Februarie 2001.
>
> “Die bewys van die onderhandeling van verkoop van ‘n bees.

Ek Phillemon Sitebe, identiteitsnommer 6308205652085 verkoop die bees aan ene Mnr Elias Mazombe Dladla, identitietsnommer 6601235268082. Dit is ‘n swart bul met ‘n wit stert. Die koopprys is R900,00. Ek het die geld in die

bedrag van R200,00 as 'n deposito ontvang. Op die datum (Edelagbare ek is nie seker of dit) 25 of 20 Februarie 2001 het ek weer R700,00 aanvaar en altesaam die bedrag van R900,00."

Hy getuig verder dat die bul wat hy gekoop het, die volgende dag nie meer tussen sy ander beeste was nie maar weggeloop het. Op 1 Maart 2001 koop hy die ander swart bul by appellant en word Bewysstuk C deur laasgenoemde uitgeskryf. Dit lees soos volg:

> "Datum: 1 Maart 2001. Die dokument wat 'n bewys is van die onderhandeling vir die verkoop van die bees:
>
> > "Ek Phillemon Sitebe, identiteitsnommer 6308205652085 verkoop die bees aan ene Mnr E M Dladla, identiteitsnommer 6601235268082 en dit is 'n swart bul. Die koopprys is R1 000,00 en ek gee 'n deposito van R500,00 en belowe dat hy die balans van R500,00 op 9 Maart 2001 sal betaal."

Beide hierdie bewysstukke is onderteken deur die verkoper en die koper.

Anthony Xaba is 'n baie ervare veewagter. Hy woon ook in Makgolokweng. Hy getuig dat beide Radebe en appellant gedurende die oggend van 31 Maart 2001 by sy ouerhuis opgedaag het waar daar 'n laaiplek is vanwaar vee op 'n voertuig gelaai kan word. Hulle het 4 beeste aangejaag. Appellant het 'n brandyster by hom gehad. Hy en Radebe het toestemming gevra om die 4 beeste daar te laai. Xaba beskryf die beeste soos volg;

Een swart koei met horings.

Een rooi koei.

Twee swart en wit koeie wat nie eenders gelyk het nie.
Al hierdie beeste het brandmerke gehad maar hy het nie goed genoeg opgelet om die brandmerke te onthou en later te beskryf nie. Hy het aan Radebe en appellant toestemming gegee om die laaiplek te gebruik en is toe daar weg. Toe hy die namiddag by die huis kom, was die betrokke 4 beeste nog steeds in die kraal by die laaiplek. Xaba het hierdie beeste toe uit die kraal gejaag om plek te maak vir sy ouers se beeste. Ongeveer 8.30n.m. het daar 'n vreemde motor by hulle kraal gestop onder verdagte omstandighede. Toe hy en van die bure wie se vee ook in die omgewing was, gaan ondersoek instel, het die motor weggejaag. Dit is tot stilstand gedwing. Radebe was 'n passasier in die motor en appellant was die bestuurder. Toe die motor stilhou, het Radebe uitgespring en weggehardloop. Appellant is daar deur die mense van die omgewing aangerand – klaarblyklik omdat hulle hom as 'n veedief beskou het. Die Polisie is ontbied en Xaba het die brandyster wat hy nog steeds in sy besit gehad het, aan die Polisie oorhandig. 'n Paar dae later het hy die 4 beeste wat appellant en Radebe by hom aangebring het, op die klaer, Mnr. Retief, se plaas tussen ander beeste gaan uitwys op versoek van die Polisie.

Appellant erken in sy getuienis dat hy die 2 swart bulle waarna in Bewysstukke B en C verwys word, op 19 Februarie 2001 en 1 Maart 2001 onderskeidelik aan Dladla verkoop het. Sy saak is egter dat hy daardie 2 bulle, asook 'n rooi Poena vers, ongeveer 2 jaar vantevore van sy suster gekry het as deel van sy erfporsie uit sy oorlede vader se boedel. Dit is egter nie dieselfde beeste wat hy ge-erf het nie maar beeste wat sy suster in die plek van die oorspronklike beeste aan hom gelewer het. Wat aanklag 2 betref, ontken appellant, sowel as Radebe, dat hulle op 31 Maart 2001 by Xaba was of beeste by sy huis aangebring het. Appellant erken egter dat hy daardie aand in die omgewing van Xaba se huis aangerand is. Hy vertel 'n lang storie van hoe sy motor onklaar geraak het juis daar; dat hy te voet en per huurmotor na Harrismith en terug is om brandstof te kry en dat hy totaal onskuldig daar was toe hy aangerand is. Hy het ook 'n buurman van hom, Inspekteur Mosia, geroep om te staaf dat hy op die betrokke dag vir bykans die hele dag by 'n fees by Mosia se huis was en selfs met die bediening van drank gehelp het. Die Landdros het tereg bevind dat Mosia "jammerlik gefaal" het en sy getuienis verwerp. Die blote deurlees van Mosia se getuienis regverdig hierdie bevinding.

Die Landdros het die getuienis van die belangrikste Staatsgetuies, te wete, Retief, Dladla en Xaba, aanvaar en appellant se verontskuldigende weergawe verwerp. Dit is geyk dat 'n Hof van Appèl nie ligtelik met 'n Verhoorhof se geloofwaardigheids-bevindings inmeng nie. In die onderhawige geval kan ek geen fout vind met die Landdros se bevinding nie. Ek noem slegs die vernaamste oorwegings:

Dit is gemenesaak dat beeste geneig is om terug te loop na waar hulle vandaan kom. Die getuienis is oorweldigend dat beide die twee swart bulle waarna in aanklag 1 verwys word, nie by hulle nuwe eienaar, Dladla, gebly het nie maar juis na Retief se plaas gestap het. Dieselfde geld vir die 4 beeste wat volgens Xaba se

getuienis op 31 Maart 2001 deur Radebe en appellant na sy huis gebring is. Waarom het hulle juis na Retief se plaas gestap? Waarom het die een koei na 'n kalfie gehardloop as dit nie haar kalfie was nie?

'n Tweede faktor wat die Staatsaak sterk steun, is die datums van die verkopings aan Dladla en appellant se inhegtenisneming die aand van 31 Maart 2001. Waarom verkoop appellant die 2 swart bulle wat kwansuis al lankal by hom loop en lastig is omdat hulle wegloop agter koeie aan, juis binne enkele dae nadat Retief se byna identiese bulle wegraak? Waarom is Radebe 2 dae na die diefstal op aanklag 2 juis naby Retief se plaas op soek na 'n rooi Poena vers? Waarom is appellant toevallig daardie aand in die omgewing van Xaba se huis waar hy en Radebe ook die oggend die 4 beeste aangebring het (volgens Xaba)? Xaba het die Landdros gunstig beïndruk as getuie, asook wat betref sy vermoë om vee te identifiseer. Sy getuienis dat hy die betrokke 4 beeste tussen Retief se ander beeste geïdentifiseer het, word ten volle gestaaf deur die ondersoekbeampte, Inspekteur Setlai. Die aanvaarding van Xaba se getuienis bewys meteen ook aanklag 3.

Moontlik die belangrikste vraag is, hoe kom die klaer se brandmerk op die beeste wat in die 2 aanklagte betrokke is en waarmee Dladla

en Xaba appellant verbind? Die antwoord is voor-die-hand-liggend.

Na my mening kan die appèl teen die skuldigbevindings nie slaag nie.

Ek meen ook nie dat daar met appellant se vonnis ingemeng kan word nie. Hy het 'n vorige veroordeling vir diefstal wat gepleeg is op 16 September 2000 en waarvoor hy 2 dae later gevonnis is tot 'n boete van R600,00 of 2 maande gevangenisstraf. Enkele maande later pleeg hy die onderhawige misdrywe. Hy is 'n onderwyser wat van beter behoort te weet. Hy was Radebe se werkgewer en het duidelik gesteel uit gierigheid. Daar is hoegenaamd geen teken van berou by hom nie.

Die Staat het getuienis voorgelê omtrent die ernstige afmetings wat veediefstal, veral diefstal van beeste, in die betrokke distrik aangeneem het. Alhoewel die beeste waarna Dladla en Xaba onderskeidelik verwys in hulle getuienis, teruggevind is, is dit nie aan enigiets te danke wat appellant gedoen het nie. Namens appellant kon daar nie op enige wanvoorligting by vonnisoplegging gewys word nie. Die opgelegde vonnisse kom nie vir my, individueel of kumulatief, steurend onvanpas voor nie.

Gevolglik misluk die appèl en word die skuldigbevinding en vonnis op elk van die aanklagte bekragtig.

**J. P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr. P. F. Zietsman<br>In opdrag van:<br>Van Rensburgs<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. F. Pienaar<br>In opdrag van:<br>Die Direkteur:<br>Openbare Vervolging<br>BLOEMFONTEIN |

/em